

KENNISGEWING VAN VOORGESTELDE GROEPEISSKIKKING

As jy tans 'n GOUDMYNWERKER in Suid-Afrika is, of sedert 12 Maart 1965 'n goudmynwerker in Suid-Afrika was, en aan silikastof blootgestel is of silikose of tuberkulose ("TB") opgedoen het, OF as jy die AFHANKLIKE is (bv. die vrou, lewensmaat of kind) van sodanige goudmynwerker wat sedertdien oorlede is, MOET JY ASSEBLIEF HIERDIE KENNISGEWING AANDAGTIG LEES, AANGESIEN DIT JOU REGTE MAG BEÏNVLOED.

As jy 'n ander belang in die voorgestelde skikking het, moet jy ook hierdie kennisgewing lees.

DIE VOORGESTELDE SKIKKING

Ses maatskappye, naamlik African Rainbow Minerals, Anglo American SA, AngloGold Ashanti, Gold Fields, Harmony, Sibanye-Stillwater en sommige van hul geaffilieerde maatskappye ("die deelnemende goudmynmaatskappye"), het tot 'n voorwaardelike skikking ingestem, waaronder hulle vergoeding aan kwalifiserende goudmynwerkers, en die kwalifiserende afhanklikes van sodanige oorlede mynwerkers sal betaal. Die voorgestelde skikking sal die eise teen die deelnemende goudmynmaatskappye vereffen na aanleiding van die groepeijs wat voor die hooggeregshof ingestel is vir:

- die skade en verlies gely deur mynwerkers wat silikose en/of TB opgedoen het tydens hul werk by sekere goudmyne in Suid-Afrika, en
- die skade en verlies gely deur die afhanklikes van mynwerkers wat as gevolg van hierdie siektes oorlede is.

Die voorgestelde skikking is onderhewig aan sekere voorwaardes, en moet deur die hooggeregshof goedgekeur word voordat dit in werking tree.

Indien die skikking goedgekeur word en al die ander voorwaardes daarvan nagekom word, sal 'n Trust genaamd die Tshiamiso Trust geskep word, wat vir minstens 13 jaar sal bestaan.

Alle lede van die groep, behalwe diegene wat kies om hulle aan die skikking te onttrek, sal geregtig wees om 'N EIS VIR GELDELIKE VERGOEDING AAN DIE TSHIAMISO TRUST IN TE DIEN.

Kwalifiserende aanspraakmakers sal geregtig wees op 'n eenmalige betaling van tussen R10 000 en R250 000, na gelang van die aard en ernstigheid van die siekte. In sekere buitengewone omstandighede mag hierdie bedrag tot R500 000 verhoog word. 'n Kwalifiserende aanspraakmaker is iemand wat 'n lid van enige van die groepe is, en wat aan die Tshiamiso Trust se vereistes vir geldelike vergoeding voldoen.

Daar word ook van die deelnemende goudmynmaatskappye vereis om 'n vasgestelde bedrag vir die regskostes aan die groepeijsprokureurs te betaal, asook om vir die administrasie van die Tshiamiso Trust te betaal.

RICHARD SPOOR INC
ATTORNEYS



ABRAHAMSKIEWITZ
INCORPORATED



WIE IS 'N GROEPLID?

Jy is 'n groeplid, en sal geregtig wees om 'n eis aan die Tshiamiso Trust in te dien, as jy aan al die vereistes van enige van die volgende vier groepe voldoen:

Groep 1:	Al die persone: 1. wat, soos op die datum wanneer die skikking in werking tree, risikowerk onderneem het. Luidens die skikking beteken risikowerk "risikowerk" soos gedefinieer in die Wet op Beroepsiektes in Myne en Bedrywe van 1973, of enige van die volgende soorte werk: (i) werk in die ondergrondse bedrywe van 'n goudmyn; (ii) werk in 'n wassery waar die kiere van ondergrondse mynwerkers gewas word; (iii) werk op die slykdam van 'n goudmyn; (iv) werk in 'n essaiëeringslaboratorium van 'n goudmyn waar die samestelling van gouddraende erts ontleed word en waar die massa van inasembare stof van persoonlike monsterneming bepaal word; (v) werk in 'n metallurgiese aanleg van 'n goudmyn, insluitend die verbryseling, vermaling, vervoer en smelting van erts; en (vi) werk by 'n vervoerbandbedryf waar gebreekte rots vanuit die ondergrondse bedrywe van 'n goudmyn na die oppervlak vervoer word; 2. wat voor of op die datum waarop die skikking in werking tree, silikose opgedoen het, of wat aan silikastof blootgestel is; 3. wat risikowerk by een of meer van die myne gelys in Addendum A van hierdie kennisgewing onderneem, of onderneem het ná 12 Maart 1965; en 4. van wie die eise nie vereffen is nie tydens vorige gefinaliseerde skikkings met Anglo American Suid-Afrika Beperk en AngloGold Ashanti Beperk op 14 Maart 2016, en met Anglo American Suid-Afrika Beperk op 19 September 2013 onderskeidelik.
Groep 2:	Die afhanklikes van enige van die persone in Groep 1 hierbo wat oorlede is soos op die datum wanneer die skikking in werking tree.
Groep 3:	Al die persone: 1. wat, soos op die datum wanneer die skikking in werking tree, risikowerk onderneem het; 2. wat voor, of op ná die datum waarop die skikking in werking sal tree tuberkulose opgedoen het; en 3. wat risikowerk onderneem of onderneem het ná 12 Maart 1965 by een of meer van die goudmyne wat in Addendum A van hierdie kennisgewing gelys word.
Groep 4:	Die afhanklikes van enige van die persone in Groep 3 hierbo wat oorlede is soos op die datum wanneer die skikking in werking tree.

HOE KAN JY VERGOEDING VAN DIE TSHIAMISO TRUST EIS?

Jy moet 'n kwalifiserende aanspraakmaker wees om vergoeding van die Tshiamiso Trust te ontvang.

As en wanneer die skikking in werking tree, sal jy as groeplid 'n voltooidde eisvorm met jou persoonlike inligting en werkgeskiedenis aan die Tshiamiso Trust moet indien, of – as jy afhanklike is – die werkgeskiedenis van die oorlede mynwerker. As jy 'n mynwerker is of was, sal jy moontlik ook 'n mediese ondersoek moet ondergaan.

Indien die skikking deur die hooggeregshof goedgekeur word, sal die besonderhede vir die indiening van eise by die goudmyne wat in Addendum A gelys word steeds in bedryf is, gepubliseer word. Die besonderhede sal ook deur die media gepubliseer word, asook op die volgende webwerf: www.silicosissettlement.co.za.

JY HOEF NIEMAND TE BETAAL OM JOU TE HELP OM JOU EIS IN TE DIEN NIE.

Deelnemende myne:

SA Land
Daggafontein
Oos-Daggafontein
Elandsrand
Deelkraal (ook bekend as Elandskraal)
Kusasaletu
Western Holdings (1,2,3,4,6,7) (ARMGold)
Matjhabeng (Western Holdings se ander vier skagte, nl. Kudu, Njala, Sable en Eland, voormalige skagte van Freddeismyn en Vrystaat Geduldmyne)
Saaiplaas 2,3
Saaiplaas 4,5 (Masimong) (FreeGold 3)
Vrystaat Geduld
Vrystaat Gekonsolideer

FreeGold 2 en 4
Freddeismyn 7 en 9 (tot Kades Barnea cc, Pamodzi, Target-myn)
Freegold 2, 4 (Tshepong, Phakisa)
President Brand
President Steyn
Steyn 1, 2 (tot Kades Barnea, Pamodzi, Bambanani)
Steyn 3,4 (FreeGold 1, toe Bambanani)
Brand 1, 2, 3, 5 (Steyn 5 tot 8)
HJ Joel / Joel
Western Reefs (saamgesmelt met Vaal Reefs)
Vaal Reefs (1,3,4,5,6,7)
Vaal Reefs 2
Vaal Reefs 8 (Great

Noligwa)
Vaal Reefs 9 (Kopanang)
Vaal Reefs 10 (Tau Lekoa)
Vaal Reefs 11 (Moab Khotsoang)
Western Deep Levels
Mponeng (Suidelike Myn WDL 1)
Tau Tona (Oostelike Myn WDL 3)
Savuka (Wes Myn WDL 2)
St Helena
Evander (inst. die Kinross, Leslie, Bracken en Winkelhaak myne)
Randfontein Landgoedere Doornkop
Cooke 1, 2 en 3 (Rand Uraan)
Cooke 4 (Ezulwini)
Unisel

Harmony-myn
Merriespruit
Hartbeesfontein
Lorraine (skagte 1,2 en 3)
Zandpan
Virginiamyn
Village Main Reef
Weselike Areas (tot South Deep)
South Deep
Beatrix (insluitend Oryx (tot Beatrix)
Driefontein (insluitend Oos-Driefontein, Wes-Driefontein en Driefontein Gekonsolideer)
Kloof (insluitend Leeuodoorn, vanaf 1 Jan. 1993, Libanon en Venterspos)
St Helena (Beisa-afdeling)

WIE IS DIE GROEPEVERTEENWOORDIGERS EN DIE GROEPEISPROKUREURS?

Die hooggeregshof het 48 persone goedgekeur om as GROEPEVERTEENWOORDIGERS op te tree, en hulle sal namens die groepe in die skikking optree. Hierdie persone woon regoor Suid-Afrika, en jy kan hul kontakbesonderhede verkry deur die inbelsentrum te skakel met die kontakbesonderhede wat onder gemeld word.

DIE GROEPEISPROKUREURS, soos deur die hooggeregshof goedgekeur, is: **RICHARD SPOOR INGELYFDE PROKUREURS, ABRAHAMS KIEWITZ INGELYF**, en die **SENTRUM VIR REGSHULPBRONNE (LEGAL RESOURCES CENTRE)**. Sien onder vir hul kontakbesonderhede.

VERHOOR VIR GOEDKEURING VAN DIE SKIKKING

'n Verhoor om die goedkeuring van die voorgestelde skikking te oorweeg sal van 29 tot 31 Mei 2019 om 10:00 plaasvind by die Johannesburgse hooggeregshof, op die hoek van Pritchard- en Kruisstraat.

Die hooggeregshof het 'n hofbevel uitgereik wat uiteensit wat jy moet doen as jy aan die verhoor wil deelneem.

Jy kan 'n afskrif van die hofbevel, die skikking en afskrifte van die dokumente wat by die hooggeregshof ingedien is van enige van die groepeijsprokureurs verkry (kontakbesonderhede verskyn onder). Elektroniese weergawes van hierdie dokumente sal op www.silicosissettlement.co.za beskikbaar wees.

Indien jy die hooggeregshof van jou opmerkings oor die voorgestelde skikking in kennis wil stel, of as jy teen die voorgestelde skikking wil beswaar maak, moet jy:

- 'n kennisgewing van voorneme om deel te neem, asook 'n beëdigde verklaring, aan Richard Spoor Ing. Prokureurs oorhandig, en hierdie dokumente ook teen 20 Maart 2019 by die hooggeregshof indien; en
- 'n geskrewe argument, indien enige, aan Richard Spoor Ing. Prokureurs oorhandig vir die doeleindes van die verhoor, wat teen 24 April 2019 by die hooggeregshof ingedien moet word.

Die bogenoemde dokumente kan met die hand, per faks of per e-pos aan Richard Spoor Ing. Prokureurs oorhandig word (besonderhede in die onderstaande blok).

Die hof sal alle beëdigde verklarings en geskrewe argumente oorweeg wanneer daar besluit word om die skikking goed te keur of nie. Die hof sal jou in kennis stel indien jy tydens die verhoor 'n mondelinge argument moet lewer.

Indien geen kennis van voorneme om deel te neem voor of op 20 Maart 2019 ingedien word nie, sal die hof die saak op 3 April 2019 aanhoor.

DIE FINALE SKIKKING

Indien die hof die skikking goedkeur, sal 'n samevatting daarvan in koerante gepubliseer word, deur radiostasies uitgesaai word, en by verskeie kantore beskikbaar gemaak word (insluitend dié van die goudmyne in Addendum A wat steeds in bedryf is, asook die kantore van sekere adviesdienste, regsassistente en gemeenskapsgebaseerde organisasies).

Die volledige bepaling van die hof se beslissing en die finale skikking sal:

- beskikbaar gemaak word by die kantore van die groepeijsprokureurs (adresse verskyn onder);
- op die volgende webwerwe geplaas word: www.silicosissettlement.co.za, en op die webwerwe van die groepeijsprokureurs (sien onder); en
- gestuur word aan elke persoon wat 'n kennisgewing van voorneme ingedien het om aan die goedkeuringsverhoor deel te neem.

ONTREKKING AAN DIE GROEPEISVERRIGTINGE

Indien jy 'n groeplid is en nie onttrek nie, sal die finale skikking vir jou bindend wees, en jy sal 'n eis vir geldelike vergoeding aan die Tshiamiso Trust kan indien. Indien jy nie onttrek nie, sal jy nie geregtig wees daarop om jou eie eis of groepeijs vir geldelike skadevergoeding vir silikose of TB teen die deelnemende goudmynmaatskappye te voer nie.

Inligting oor hoe om te onttrek sal gepubliseer word as en wanneer die hooggeregshof die skikking goedkeur.

VIR VERDERE INLIGTING, INSUITEND HOE OM 'N AFSKRIF VAN DIE SKIKKING TE VERKRY:

- besoek www.silicosissettlement.co.za, of die webwerwe van die groepeijsprokureurs (sien onder);
- skakel die tollvrye inbelsentrum by 0801 000 240. Die inbelsentrum is gratis vir persone wat van binne Suid-Afrika skakel;
- stuur 'n "please call me" -boodskap aan die volgende nommer 072 557 8077; of
- kontak die GROEPEISPROKUREURS by:

Richard Spoor Incorporated Attorneys
Tel. +27 (0)11 482 6081
Fax. +27 (0)11 482 1419
info@richardspoorinc.co.za
P.O. Box 303 Parklands, 2121
Physical address:
Eton Building, Sherborne Square
5 Sherborne Road
Parktown, Johannesburg

Abrahams Kiewitz Incorporated
Tel. +27 (0)21 914 4842
Fax. +27 (0)21 914 1455
classaction@ak.law.za
P.O. Box 3048, Tygervalley,
7536, Cape Town

Legal Resources Centre
Tel. +27 (0)11 836 9831
Fax. +27 (0)11 834 4273
classaction@lrc.org.za
P.O. Box 9495, Johannesburg,
2000